OOSTELIKE SINODE

VANUIT DIE SINODEHUIS

Wat 'n paar weke lê agter ons! Nou is dit nog net die Kerssangdiens... - en dan is 2024 op ons.

So gaan die tyd verby – en soms wonder ons waarheen alles en almal jaag. Wat so duidelik is as die telbord in Parys, is dat ons dae verbyskiet soos 'n gedagte. Ons sal moet leer om elke dag as 'n geskenk uit God se hand te waardeer. Ons sal die meeste van elke dag moet leer maak. Ons sal met wysheid, perspektief en dankbaarheid moet leer leef. Hier en nou het ons het net een lewe.

As jy die nuus kyk, die rampe, die konflik waarmee mense elke oomblik saamleef, die ontsaglike lewensverlies op plekke – dan kry jy waardering vir elke asemteug, elke tree, elke glimlag, elke vriendelike woord.

" Here, ons leef uit u hand..."

Francois Retief

GEMEENTES EN LERAARS

Dit gaan al beter met ons kollega, **Natasha Nel** van **Malelane** ná die motorongeluk waarin sy en haar twee seuns was. Ons is saam met haar en Johan en die seuns dankbaar hieroor!

Marco Koch van **Tulbagh** is beroep as leraar na Tygerpoort.

Nadine Swanepoel van Waverley het die beroep na **Skuilkrans** aanvaar. Sy begin op 1 Desember en word op 21 Januarie 2024 tydens die aanddiens bevestig.

VAKATURE VIR 'N ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

IN 'N SPAN WAT DROOM OOR NUWE MOONTLIKHEDE VIR OOSTELIKE SINODE
NG KERK OOSTELIKE SINODE IN PRETORIA-OOS.

Kundigheid en ervaring in kantooradministrasie, die gebruik van kommunikasie-tegnologie, rekenaarvaardigheid in die Office 365-pakket van programme asook goeie organisasie-vaardighede is noodsaaklik.
Die pos vra vir akkuraatheid, innovasie, taalvaardigheid, 'n spanspeler en goeie menseverhoudings.

Vorige ondervinding in 'n soortgelyke omgewing sal 'n aanbeveling wees. Salaris is onderhandelbaar n.a.v kwalifikasies en ondervinding.

Vir meer inligting, besoek ons webwerf www.sinoos.co.za

Stuur jou aansoek na die Uitvoerende Amptenaar, ds Francois Retief, by uitamp@sinoos.co.za teen 13 November 2023.

OOSTELIKE SINODE

EKO-NAWEEK IN CHRISSIESMEER SE MEERGEBIED

Die Projekspan vir Ekologie reël 'n naweek vir natuurliefhebbers **24 tot 26 November 2023.** Hierdie naweek is bedoel vir individue en gesinne. Genesaret kampterrein, op die oewer van die Chrissiesmeer dien as basis.

Kontemplasie word in die HAT beskryf as: Beskouing, bespieëling en vrome oordenking. Ons gaan by hierdie kamp onder leiding van ds Anton Doyer en Toekie Doyer kontempleer. Deur net te staar, te beskou, te oordink wil ons ons self plaas in 'n groter prentjie wat gevul is met die vingerafdrukke van Hom wat gesê het: ***Laat daar wees.....***
Ons gaan soos die weer ons toelaat op plase rondom die meer stap om iets van ' n "MINI CAMINO-ERVARING" te hê. Staproetes word so gekies dat daar korter en langer roetes is, na gelang van behoeftes.

Chrissiesmeer is op die waterskeiding van Suid-Afrika geleë. Vier groot rivierstelsels ontspring hier, te wete die Vaal-, Komati-, Olifants- en Usuturiviere. Die meer self is die grootste natuurlike varswatermeer in Suid-Afrika en beslaan ongeveer 1 500 hektaar. Hierdie gebied is wêreldwyd bekend vir die ryk voëllewe wat hier aangetref word. En waar daar water is, is daar paddas. Verder kom hier 'n ryke verskeidenheid inheemse plante, onder meer grondorgideë, voor.

Om solank jou plek te bespreek, kontak so gou as moontlik vir Tersia Petzer by ontvangs@sinoos.co.za.

Skryf in

KAMP

EERSTEJAARSKAMP

As jy iemand ken wat in 2024 'n eerstejaar by die Universiteit van Pretoria gaan wees, is hierdie advertensie vir hom / haar bedoel!

KATEGESE-MATERIAAL 2024

Gaan loer gerus op Bybel-Media se webwerf. Daar is volledige besonderhede oor kategesemateriaal vir 2024.

Bybel-Media

BYBEL MEDIA KINDER-KERSKOUS

Hier is 'n lekker projek wat in die Kerstyd 'n groot verskil kan maak!

Kinder-kerskous

KURATORIUM: LEGITIMASIE

Die **legitimasie van ons finalejaarstudente en diensleraars** is 'n hoogtepunt in ons jaarprogram. Dit vind plaas op Donderdag 9 November 2023 om 19:00 by Universiteitsoord.

Valleisig se jeugbediening kan beter omskryf word as familiebediening aangesien daar baie moeite gedoen word met die integrasie van verskillende ouderdomme.

Valleisig leef haar roeping uit deur heeltyd bewus te wees van en te vra waar God besig is in die wêreld. Valleisig doen dit deur die Bybel baie ernstig op te neem en nie gemaklik te wees met eenvoudige antwoorde nie.

Tans is Valleisig besig om die wêreld van digitale bediening te ontdek en hoe God ons daar wil gebruik.

Ons nooi jou uit om aansoek te doen indien jy jouself sien as 'n:

- **Mobiliseerder** – iemand wat jongmense/jeugleiers kan toerus om geestelik te groei en om uit te vind hoe en waar hulle kan bedien;
- **"Change Agent"** – iemand wat verandering binne die gemeente kan bevorder en ondersteun (hiermee saam is jy bereid om self te verander en te groei);
- **Innoveerder** – iemand wat nuut en pro-aktief oor jeugbediening dink (veral wat digitale bediening aanbetref);
- **Kommunikeerder** – iemand wat jongmense verstaan, met hulle empatiseer, en saam met hulle kan dink en droom oor God se bediening;
- **Origaniseerder** – iemand wat die "lyne" bymekaar kan trek en hou.

**Die jeugwerker se pligte word beskryf aan die begin van die aansoekvorm.*

beter leer ken deur:

1. Ons app af te laai soek 'Valleisig' in jou app-store
2. Ons webtuiste te besoek www.valleisig.org.za
3. YouTube-kanaal www.youtube.com/c/ValleisigGemeente
4. Facebook-bladblad www.facebook.com/Valleisig

VERGOEDING

'n Mededingende vergoedingspakket sal aangebied word met inagneming van kwalifikasies.

SLUITINGSDATUM

30 November 2023

*Die Gemeenteraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

AANSOEK

Vul asb die aansoekvorm in, en stuur jou CV na kantoor@valleisig.org.za

Vir enige navrae, kontak ons asseblief!

Riaan Visser	Lourens van Deventer
+27 (82) 459-4293	+27 (72) 040-7374

rklike Datums

1 Januarie	Nuwejaarsdag
6 Januarie	Epifanie
14 Februarie	Aswoensdag
1 Maart	Wereldbiddag vir vroue
2 Maart	Wereldbiddag vir mans
21 Maart	Menseregtedag
29 Maart	Goeie Vrydag
31 Maart	Paasfees
1 April	Gesinsdag
27 April	Vryheidsdag
1 Mei	Werkersdag
9 Mei	Hemelvaart
12 Mei	Moedersdag
19 Mei	Pinksterfees

OOSTELIKE SINODE

Ons susterkerk in Mosambiek, die Igreja Reformada em Moçambique het in 1993 die Trichardt-skool begin. Jy moet so 'n bietjie van die ou geskiedenis ken om waardering te hê vir die naam...

Carl Louwrens het hierdie mooi storie gestuur... As jy of jou kinders sukkel met die Wiskunde, kan die Maths Muncher dalk help...

The school was founded in January 1993. The school has been a ministry of the **"Igreja Reformarda em Mocambique"** since July 1993. The constitution of the school is Christian based, i.e., Christian Values and morals are the norm. The aims of the school are to provide education of a high standard, to create opportunity for the youth of Mozambique and to help build an ethical, honest, diligent, and dedicated community, based on the principle of Jesus Christ. English is the medium of instruction and the school follows the IEB international curriculum. Students write the International Secondary Certificate at the end of Grade 12. It is benchmarked by UK- Ecctis and our students can enter tertiary study anywhere in South Africa or abroad.

CAMPUSES

The school have campuses at Maputo (1993) and Matola ((2017) and plan to open a third at Marrucuene Vista in 2024

OUR VISION

We are grounded in God's word and challenge our students to achieve academic excellence as they prepare to use their gifts and abilities effectively to follow God's plan for their lives.

glorify God through the training and nurturing of students in their spiritual, academic, physical, emotional, and social development. This is achieved through a Christ-centered education. God's character imparts wisdom, knowledge and love helping our school community to develop a world- view that will impact our country.

Independent Examination Board of South Africa Assessment Matters
International Secondary Certificate Grade 12
The IEB makes every effort to ensure that their assessments are globally competitive and that their learners have access to assessments that compete at the highest level. Trichardt believes that given the opportunity, our learners from our region can achieve along with the top global achievers; We participate in international benchmark tests. It is this belief in the quality of our learners and our nation that inspires the IEB to try and influence the educational experience beyond assessment.

TRICHARDT LITERACY PROGRAM
To improve the level and quality of English spoken by our students, Trichardt introduced a literacy program for our students. In the four years that it has been running in the primary school the literacy level of our primary school children has increased from 20% to 83% on the South African standard. The program has been extended up to Grade 9.
The Math's Muncher will be introduced in 2024 as a remedial program to assist our students in improving their mathematical skills.
We are grounded in God's word and challenge our students to achieve academic excellence as they prepare to use their gifts and abilities effectively to follow God's plan for their lives.

SPORT
We participate in soccer, basketball, swimming, volleyball, athletics, netball, and chess.

CULTURAL ACTIVITIES, MODEL UNITED NATIONS & PUBLIC SPEAKING
Since 2017, TSCE has been developing and participating in MUN. We firmly believe in developing children in their ability to verbally express themselves and know more about the international community through this program.
Public Speaking is an integral component to advancing students' communication skills and general vocabulary. Our Public Speaking and Debate Teams travel to South Africa to compete and gain a better understanding of proper communication skills in English.

give our students the chance to participate in music, Choral verse, dancing, and drama.
Matana Arts Festival
We host the local Arts Festival
Annually

CONCERTS
VARIETY CONCERTS/PASSION PLAYS

TSCA & ROCK 4 LIFE
The school offers various Christian activities and camps to allow students to grow spiritually and prosper in their personal relationship with Jesus.

WWW.SINOOS.CO.ZA
Onthou asseblief om die inligting op ons webwerf te benut. Daar is inligting oor personeelsake, finansiële dokumente, gemeentes se besonderhede en baie meer.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tot 21 November verjaar

PREDIKANTE
13 November - Leon Westhof, Elarduspark
14 November - Louis Pienaar, Nelspruit-Suid
17 November - Peet Boshoff, Witbank

EMERITI
19 November - Eugen Kruger, Skuilkrans 1997
19 November - Koos Louw, Hho-Hho Swaziland 1993

GEMEENTES
13 November - Machado-Boven (111)
15 November - Lydenburg-Suid (54)
16 November - Tzaneen (77)
17 November - Gravelotte (72)
18 November - Doornkloof (50)

PERSONEEL
16 November - Neels Nothnagel, Oostelike Sinode

Francois Retief